*Woensdag* **21 Mei**

**Skrifgedeelte: Handelinge 4:23-31 (AFR83)**
**Fokusgedeelte: Handelinge 4:31**

**Werking van die Woord**

Dreigemente om op te hou om Christus te verkondig, is so oud soos die kerk self. Die vroeë kerk is gedreig en net so word ons vandag nog steeds gedreig.

God beskryf deur Lukas die ontstaan en groei van die kerk te midde van teenkanting. In hierdie gedeelte is die apostels besig met hulle openbare optrede en dan ervaar hulle dadelik teenkanting deurdat hulle gedreig word om op te hou om Christus te verkondig (vs 21). Nadat hulle vrygelaat word, gaan hulle terug na hulle medegelowiges en bid saam dat die menslike vrees hulle nie sal beroof van hulle vrymoedigheid om die Woord te verkondig nie (vs 23-30). God bevestig sy trou deur die plek te laat skud waar hulle was, hulle met die Heilige Gees te vul, en daarmee het hulle die versekering ontvang om met vrymoedigheid voort te gaan om Christus te verkondig (vs 31). Die apostels besef die werking van die Woord kom tot sy volle werking wanneer Christus vrymoedig deur die Heilige Gees binne mense verkondig word. Sonder Christus is daar geen bediening van hoop en troos moontlik nie, en daarom mag hulle nie uit vrees terugdeins nie.

Ons word vandag weereens gedreig, deur instansies en mense, om op te hou om Christus te verkondig. Regerings, werkgewers en skoolbeheerliggame begin al meer en meer dreig dat ons nie met vrymoedigheid in ons land, werksplekke en skole oor Christus mag praat nie. Deel van die dreigemente is straf, om ons werk te verloor en stilswye oplê by skole. Ons moet nie deur vrees oorweldig word nie, maar biddend wees dat God deur die Heilige Gees vir ons die vrymoedigheid sal gee om onbevrees Christus te verkondig. God is tot vandag toe getrou en niemand sal die werking van die Woord deur die Heilige Gees kan stop nie, maak nie saak hoeveel kere ons gedreig word nie. Mag ons ook deur die Heilige Gees die vrymoedigheid ontvang om Christus onbevrees in ons land, werksplekke en skole te verkondig.

*Sing: Skrifberyming 15-5:1, 2, 4, 5, 7*

*Ds. AN (Nikla) du Plessis (Worcester)*